SAKE 24 (Rapport)
02 Sep 2012, p.6



'n Kunstenaarsvoorstelling van die Greenacres-winkelsentrum in Port Elizabeth. Foto: VERSKAF

Ou winkelsentrums word landwyd opgeknap

Eienaars van ouer winkelsentrums landwyd ontsluit waarde deur dit op te knap en uit te brei op versoek van kleinhandelaars.

Die Liberty Group gaan R420 miljoen bestee om die 30 jaar oue Greenacres-sentrum in Port Elizabeth en omliggende kantore op te knap en 'n nuwe hotel op die perseel te ontwikkel.

Samuel Ogbu, uitvoerende hoof van Liberty Properties, sê die sentrum is 'n kernskakel in die groep se kleinhandelportefeulje en dié belegging is deel van die strategie om die groep se streekvoetspoor uit te brei.

Die winkelruimte in die sentrum gaan met 7 000 m² vergroot word. Giles Pendleton, besturende direkteur van ontwikkeling van Liberty Properties, sê die sentrum is volverhuur en kan nie in die vraag van nuwe huurders en die behoefte aan bykomende ruimte van bestaande huurders voorsien nie. "Met die uitbreiding sal bestaande kleinhandelaars kan uitbrei en nasionale kleinhandelaars wat nie in die sentrum is nie, gelok word."

Die hotel, 'n driester-sakehotel met 130 kamers, gaan op die parkeergebied opgerig word.

Hyprop het onlangs begin met die herontwikkeling van die Rosebank Mall in Johannesburg teen R920 miljoen. Die grootte van die sentrum sal byna verdubbel word tot 62 000 m², met 160 winkels. Pieter Prinsloo, uitvoerende hoof van Hyprop, sê verskeie plaaslike en internasionale kleinhandelaars het hulle reeds daartoe verbind om ruimte in die sentrum op te neem.

Growthpoint en sy mede-eienaar Abacus Property Holdings bestee meer as R200 miljoen aan die herontwikkeling van die Brooklyn Mall in Pretoria. Benewens 'n herskikking van die ruimte gaan sowat 3 000 m² nuwe winkelruimte gebou word wat die sentrum op sowat 80 000 m² te staan sal bring.

– Elma Kloppers